



DRINGENDE KOMMUNIKASIE – ALLE LIDSKOLE

7 Mei 2019

Beste (voornemende) skoolouer

Toelatingsproses vir Gautengskole 2019/20

1. Die skooltoelatingsproses in Gauteng is gewoonlik in omstrede en onsekerheid gehul. Vanjaar se proses is geen uitsondering nie. Trouens, 'n paar aspekte maak dit vanjaar selfs meer omstrede as vantevore.

2. Teen die einde van 2018 is sogenaamde “toevoersones” vir elke skool in die Gautengprovinsie vasgestel. In afsondering beskou, was die sonering nie aanvegbaar nie. Buiten 'n paar appèlle by die LUR teen die vasstelling, het alle openbare skole die sonering aanvaar.

3. Nuwe Toelatingsregulasies is op 18 Maart 2019 uitgevaardig wat sekere drastiese veranderinge instel. Die belangrikste wysigings is soos volg:

3.1 Aansoeke om toelating tot graad 1 en 8 sal slegs aanlyn hanteer word. Geen papieraansoeke sal oorweeg word nie.

3.2 Die rol van skoolbeheerliggame is dermate verwater dat hulle feitlik geen bevoegdheid meer in die toelatingsproses het nie. Alle wesenlike bevoegdhede word voortaan sentraal deur die Gautengse onderwysdepartement vervul.

3.3 Ouers het nie meer enige keuse oor die skool waar hulle kind ingeskryf word (soos binne 'n omtrek van 5 km van die huis) nie. Die aanlyn platform, en nie die ouer nie, sal aan die hand van die volgende kriteria-ranglys bepaal tot watter skool die kind toegelaat sal word:

3.3.1 Die skool in die toevoersone naaste aan die aansoekerleerder se woonplek

3.3.2 'n Skool waar 'n broer of suster van die aansoekerleerder reeds skoolgaan

3.3.3 'n Skool in die toevoersone waar ten minste een van die aansoekerleerder se ouers werk

3.3.4 'n Skool binne 'n omtrek van 30 km vanaf die aansoekerleerder se woonplek

3.3.5 'n Skool verder as 30 km vanaf die aansoekerleerder se woonplek

3.4 Die weergawe van die aanlyn platform soos op 30 April 2019 het nog daarvoor voorsiening gemaak dat ouers hulle voorkeurtaal van leer en onderrig (“LOLT”) kan kies. Nietemin voorsien die regulasies nie enige meganisme waarvolgens die LOLT-keuse 'n rol sal speel in hoe die departement skole toeken nie. 'n Ouer se gekose LOLT sal geen verskil maak indien dit nie met die LOLT van die skool naaste aan die aansoekerleerder se woonplek of die werkplek van een van die ouers ooreenstem nie. Daar is ook geen waarborg dat die platform nie dalk weer kan verander om met voormelde keuse weg te doen in ruil vir 'n vorige weergawe wat geen LOLT-keuse toelaat nie. Dit sal ons eers weet wanneer die aansoekproses 'n aanvang neem (wat tans om 08:00 op Maandag 13 Mei 2019 plaasvind).



4. In die praktyk beteken dit die volgende:

4.1 'n Aansoeker wat Engels as LOLT op die platform kies, maar wie se naaste skool aan sy/haar woonplek 'n Afrikaansmediumskool is, sal in die Afrikaansmediumskool geplaas word indien die aansoek ingedien word terwyl sodanige skool nog plek het.

4.2 Dieselfde geld natuurlik vir 'n aansoeker wat Afrikaans as LOLT kies, maar wie se naaste skool 'n Engelsmediumskool is of, in albei gevalle, 'n parallelmediumskool waar die LOLT aangebied word.

4.3 'n Aansoekerleerder wat gelukkig genoeg is om 'n broer of suster te hê wat reeds ingeskryf is by 'n skool met 'n LOLT wat met die gekose LOLT ooreenstem, kan dalk ooreenkomstig bogenoemde ranglys tot daardie skool toegelaat word.

4.4 Dieselfde beperking is van toepassing op die ouer se werkplek indien die LOLT wat deur die naaste skool aangebied word, nie met die gekose LOLT ooreenstem nie.

5. FEDSAS het regsadvies hieroor ingewin, wat soos volg saamgevat kan word:

5.1 Die Grondwet is die hoogste reg van die land. Ingevolge artikel 29(2) het elkeen die reg om in die amptelike taal of tale van hulle keuse onderrig te word by openbare onderwysinstellings waar sodanige onderrig redelikerwys uitvoerbaar is. Dit is tans redelikerwys uitvoerbaar vir openbare skole in Gauteng om met hulle onderskeie LOLT-aanbiedinge voort te gaan.

5.2 'n Aansoeker om plasing by 'n openbare skool het 'n reg om by die betrokke skool geplaas te word indien die leerder sy/haar skoolonderwys in die LOLT van daardie skool wil ontvang.

5.3 Indien die openbare skool nie die gekose LOLT aanbied nie, is die departement ingevolge die Taalnorme en -standaarde verplig om onderrig in daardie taal te voorsien indien daar 'n vraag van ten minste 40 laerskoolleerders of 35 hoërskoolleerders bestaan, weer onderworpe aan uitvoerbaarheid.

5.4 Dat die regulasies self oor die kwessie van taalkeuse of die administrasie daarvan swyg, doen dus geensins afbreuk aan bogenoemde fundamentele reg in artikel 29(2) nie.

5.5 Dat die huidige weergawe van die platform 'n LOLT-keuse toelaat, maak dit vir die departement moontlik om die kwessie uiteindelik op enige manier te hanteer. Tensy dit betwis word, sal die stelsel aansoekers waarskynlik outomaties by die naaste skool, ensovoorts in deel, sonder om enigsins die LOLT-keuse in ag te neem.

5.6 Dat die platform 'n keuse bied sonder om uit te spel watter rol die keuse sal speel, maak die keuse inderwaarheid betekenisloos.

5.7 Die fundamentele reg behoort dringend beskerm te word.

6. Die regsadvies impliseer die volgende:

6.1 Ouers/leerders moet hulle reg ingevolge artikel 29(2) uitoefen deur hulle keuse op die platform aan te dui indien dit nog beskikbaar is wanneer hulle toegang tot die platform bekom.

6.2 Aangesien nóg die platform nóg die regulasies enige inhoud aan die keuse gee, is dit noodsaaklik dat ouers hulle keuse betekenisvol maak deur aan te dui watter skool naaste aan hulle woon- of werkplek wél die gekose LOLT aanbied. (Dit kan natuurlik in elk geval die naaste skool wees.) ***Dit moet gedoen word deur sodanige keuse op skrif te stel in die ingeslote konsepbrief vir versending aan die LUR en andere.***



6.3 Ouers/leerders moet uitdruklik sê dat hulle toelating versoek tot die betrokke skool/skole wat hulle skriftelik aangedui het aan hulle gekose LOLT voldoen.

6.4 Hierdie uitdruklike keuse moet dringend onder die Gautengse LUR en onderwyshoof, die toegekende skool én die voorkeurskool se aandag gebring word.

6.5 Dit behoort op die volgende manier te geskied nadat die uitstaande inligting op die konsepbrief voltooi is:

6.5.1 Stuur 'n afskrif aan die LUR en onderwyshoof by die aangeduide adresse, en bewaar 'n bewys dat dit wel gestuur is.

6.5.2 Lewer 'n afskrif van die voltooide brief af by die skool/skole wat volgens die aanlyn stelsel die skool/skole van die departement se keuse is, tesame met die dokumente wat in ieder geval binne sewe dae na die aansoekdatum by daardie skool ingedien moet word. Dring aan op die skool se amptelike stempel as ontvangserkenning.

6.5.3 Lewer 'n afskrif van die voltooide brief af by die voorkeurskool/-skole wat betref taalkeuse naaste aan die woon- of werkplek, en versoek weer ontvangserkenning by wyse van die skool se amptelike stempel.

6.5.4 ***E-pos laastens*** die afgelewerde dokument tesame met bewys van versending aan of aflewering by al die geadresseerdes aan FEDSAS, gemerk vir die aandag van Charlotte, by admin4@fedsas.org.za. Dit moet FEDSAS teen **nie later nie as 22 Mei 2019 bereik**.

7. Dit is uiters belangrik om nie hierdie geleentheid mis te loop nie. Indien dit nie op dié manier betwis word nie, kan vele skole in die provinsie onderstebo gekeer en gedwing word om hulle tradisionele LOLT te laat vaar of 'n LOLT aan te bied waarvoor hulle nie toegerus is nie. **Hoe meer ouers saamstaan, hoe groter die impak. Die verwagte litigasie wat sal volg indien die departement ní aan ouers se keuses gehoor gee nie, moet wydverspreide skending van die betrokke fundamentele reg aantoon.**

8. Indien u oor iets twyfel, kontak gerus enige lid van ons span in die FEDSAS Gauteng-kantoor:

Charlotte by 066 477 6480 (admin4@fedsas.org.za)

Ilse Odendaal by 081 040 2645 (gaueng2@fedsas.org.za)

Riaan van der Bergh by 082 490 5790 (gauteng3@fedsas.org.za)

Ben Ferreira by 078 379 3935 (gauteng5@fedsas.org.za)

Jane Aphane by 063 505 9421 (gauteng6@fedsas.org.za)

Jean van Rooyen by 078 451 8089 (gauteng1@fedsas.org.za)

Ek hoor graag van u.

Vriendelike groete

Dr Jean W van Rooyen
Bestuurder: FEDSAS Gauteng